VAKANTE POS (deeltyds): JEUGKOöRDINEERDER
NG GEMEENTE LANGENHOVENPARK

Aansoeke word ingewag vir die deeltydse pos van Jeugkoördineerder by die NG Gemeente Langenhovenpark in Bloemfontein. Van die suksesvolle aansoeker sal verwag word om oorhoofs die volgende pligte te behartig:

- administratiewe en organisatoriese take binne Jeugbediening;
- kontroleer dat die weeklikse opneem van temas by die onderskeie jeuggroepe teen Donderdae by die Kerkkantoor ingehandig word;
- toepaslike kommunikasie na ouers, leraars, gemeente en kategese leiers;
- die organisering van jeugaktiwiteite soos byvoorbeeld jeugaande/koffiekroeg, uitreike, kwartaalaktiwiteite en jeugaangeleenthede tydens die Kermis en Gemeentefees;
- deurlopende opleiding en toerusting van aanbieders;
- organisering en aanbieding van toepaslike toerusting vir ouers, gegrond op behoeftebepalings wat gedoen word;
- koördinering van alle jeugaktiwiteite op Sondae;
- deurlopende opleiding en versorging van die kategese kleingroepleiers;
- monitering en moontlike aanbieding van die onderskeie Jeuggroepbyeenkomste;
- dien in die Jeug Diensraad;
- ’n moontlike preekbeurt elke 5 tot 6 weke (indien ’n teologiese student die suksesvolle persoon is).

Vereistes waaraan aansoekers moet voldoen:

- Baie goeie administratiewe en organisatoriese vaardighede;
- Goeie skriftelike kommunikasievaardighede;
- ‘n Teologiese student (verkieslik 3de jaar of ouer), sal voorkeur geniet;
- Die persoon moet beskikbaar wees vir persoonlike toerusting en bywoning van strategiese beplanningsgeleenthede.

Dit word in die vooruitsig gestel dat ‘n kundige persoon nie meer as 12 uur per week benodig om die aangeduide take te verrig nie. Die uurlikse vergoeding sal gebaseer wees op die kwalifikasies en ervaring van die suksesvolle kandidaat.

‘n Twee-maande proeftydperk sal van toepassing wees.

Aansoekers moet hul CV met verwysings by die Kerkkantoor indien of e-pos aan: ngklhp.finan@mweb.co.za

Sluitingsdatum vir aansoeke: Vrydag 29 November 2019

Diensaanvaarding: 6 Januarie 2020